Hessequa Vereniging vir Argeologie Annale
Hessequa Association for Archaeology Annals



4 Augustus 2016 4 August 2016
Jaargang 9 No.4 Year 9 No. 4

DATES TO DIARISE

The second semester is going to be a particularly active one for members of the HSA. Members need to take note of the following dates and also inform Esther if they wish to attend the field trips and other events.

1. **23 August:** we shall be excavating the hole for the foundation for the statue of the Stilbaai Point. Members who are interested, please see the invitations printed below. The exercise will be under the direction of Jan de Vynck.
2. **1 September:** members will walk along the beach to a shell midden which Renée and Jan may be planning to excavate.
3. **3 October:** we shall be receiving ***Sarah Wurtz*.** We have been trying to get her to address the Society for some years and have now managed to snare her. She will be talking about her work at Klasies Rivier.
4. **5 October:** we are hoping to meet with premier Zille about the information centre we wish to establish between the Tuin-op-die-Brak and the Pauline Bohnen Nature Reserve. We would also like to make use of the opportunity to ask her to unveil the statue. This might turn out to be a big day.
5. Should members wish, we might still arrange an additional speaker and a field trip.

We will probably send out reminders of the October events. Please remember to notify Esther if you wish to participate.

UITNODIGING 1

Argeologiese opgrawing: oefensessie

Die HVA vorder met die produksie van ‘n “Stilbaai industrie” klipwerktuig standbeeld. Die standbeeld word later die jaar by die inligtingskantoor onthul.

Die standbeeld bestaan uit twee dele.

1. D**ie standbeeld self.** Dit verteenwoordig ‘n Middel Steentydperk klipwerktuig. Hierdie tegnologiese oomblik in ons verlede het bestaan tussen 75 000 en 70 000 jaar gelede en is wêreldwyd bekend as die Stilbaai industrie of tegnologie. Dit is so bekend omdat die tegnologie wat dit voorafgegaan het en opgevolg het, minder kompleks was – dit was dus ‘n oomblik van gesofistikeerde uitdrukking. Ons dorp is in argeologiese kringe baie bekend omdat dit die naam is wat hierdie industrie dra.

Die eerste beskrywing van hierdie tegnologie is gedoen deur die baanbreker-argeoloog, C H T D Heese. Ons voel dis gepas om die gevolglike wêreldwye bekendheid van Stilbaai op hierdie wyse te vier.

2. D**ie voetstuk.** Die standbeeld sal hierin pas en ‘n inligtingsbordjie sal daarop verskyn. Die standbeeld is van beton, pragtig gevorm en afgerond, maar vereis ‘n stewige basis.

Die standbeeld word staangemaak voor ‘n nasionale gedenkwaardigheid. Die inligtingskantoor is geleë in dié gebou. Die plaashuis is in die verlede permanent bewoon en baie aktiwiteite het plaasgevind op die werf om die huis. Die moontlikheid bestaan dat die fondasiegat van die voetstuk van die standbeeld potskerwe, kinderspeelgoed, ens. mag oplewer – dalk ‘n blik op Stilbaai in die vroeë 1900’s.

Ons nooi lede uit om te help met ‘n historiese argeologiese opgrawing. Die doel is tweeledig.
1. Ons wil die geleentheid gebruik om te kyk of histories relevante artefakte in die fondasiegat voorkom wat vir ons iets kan vertel van die alledaagse lewens van Stilbaai pioniers.
2. Dit is ‘n goeie geleentheid vir lede om hul vernuf met argeologiese opgrawingswerk in te oefen. Die normale veldwerk metodiek sal toegepas word.

Plek: Inligtingskantoor
Datum: Dinsdag, 10 Augustus, 2016
Tyd: 14h00
Bring: troffeltjie, kwas

INVITATION 1

Archaeological excavation: practice session

The HSA is making progress with the production of a “Stilbaai industry” stone tool statue. The statue will be unveiled later this year at the information office.

The statue consists of two parts.

1. T**he statue itself.** This represents a Middle Stone Age stone tool. This technological moment in our past existed between 75 000 and 70 000 years ago and is globally known as the Stilbaai industry or technology. It is this famous because the technologies that preceded and followed it were less sophisticated – it therefore represents a moment of technical excellence. Our town is famous in archaeological circles because of the name that this industry carries.

The archaeologist C H T D Heese first described this extraordinary moment in our past. We believe it is appropriate to give expression to this find and the resulting fame of the name “Stilbaai”.

2. **The base of the statue** The statue needs a firm base. An information plaque will be attached to it. The statue is of concrete and beautifully sculpted and finished.

The statue will be situated in front of a national heritage monument where the information office is located. Historically, the farmhouse was permanently occupied and many activities took place in the garden around the house. The possibility exists that the foundation hole of the statue will reveal potsherds, childrens’ toys, etc. A glimpse of Stilbaai in the early 1900’s.

We invite you to be part of this historical archaeological excavation. The motive is two-fold:
1. We want to use the opportunity to see if historically relevant artefacts can be found within

the foundation hole of the statue base. These could tell us of the everyday lives of Stilbaai pioneers.
2. This is a great opportunity to practise members' excavation skills in an archaeological dig. The basic fieldwork methodology will be employed.

Place: Information office
Date: Tuesday, 23 August, 2016
Time: 14h00
Bring: small trowel, brush

UITNODIGING 2

Besoek aan Rietvlei skulphoop

Skulphope is wydverspreid langs ons kus. Hulle dui op 'n seekultuur waar mense tydelik uitgekamp het en onder andere, kos gesoek het van die intergety-sone. Op die oog af lyk 'n skulphoop soos 'n hoop skulpe, en dit is inderdaad wat dit is, maar vele ander voedselreste, artefakte, ens. lê ook daar verskuil.

Die Rietvlei skulphoop is nes die ander, behalwe vir 'n paar goed: dit is geleë in 'n baie produktiewe tipe mariene habitat, "aeolianiet riwwe", is reg voor n paar visvywers, is redelik groot en moontlik 'diep' en 'n pot waai soms oop – 'n verstommende verskynsel.

Ons gaan die skulphoop ondersoek om te bepaal of dit haalbaar sal wees om daar 'n argeologiese opgrawing te onderneem. Dr. Renee Rust sal teenwoordig wees en tesame met my, Jan De Vynck en Chris Heese, sal ons 'n loodsstudie doen. Dit sal geen opgrawing, bv. toetsputte insluit nie, maar die oppervlak sal bestudeer word en moontlike kernvraagstukke sal bespreek word.

Ons ontmoet by die Stilbaai biblioteek sodat vervoer gereël kan word vir die rit na Nicki en Renee Rust se vakansie-huis te Geelkrans (Fig.). Van hulle huis gaan ons stap langs die strand tot by die skulphoop, n afstand van omtrent 2.3 km.

Ontmoetplek: Stilbaai biblioteek
Datum: 1 September, 2016
Tyd: 08h00
Bring: Kwassie, kusgoed, stapskoene of kaalvoet, eetgoed en drinkgoed.

INVITATION 2

Visit to Rietvlei midden

Many middens are to be found along our coast. They are indicative of a marine culture where people camped temporarily and, amongst other things, fortaged for food during the inter tidal zone. Middens simply look like heaps of shells, and in fact, that is what they are. However, may other food remains, artefacts etc. are also to be found.

The Rietvlei midden is similar to others. However, it lies in a very productive marine habitat, a system of "aeolianiet reefs", it lies directly in fornt of some fish traps, is relatively large, ad possibly, deep. A pottery pot is blown open form time to time – a vast surprise.

We will study the midden in order to determine whether a full archaeological dig will be appropriate. Dr Renée Rust will be present as well as Jan de Vynck will do the evaluation. They will do a pilot study. No test holes will be dug, but the surface will be studied and fundamental issues will be discussed.

We will meet at the Stilbaai library in order to arrange transport to Renée and Nickie's holiday home at the Geelkrans (See photo below). From the house we will walk along the beach to the midden, a distance of approximarely 2.3 km.

We meet at: Stilbaai library
Date: 1 September, 2016
Time: 08h00
Please bring: a brush, beach things, walking shoes or bare foot and something to eat and drink.

Rietvlei kus met die visvywers in die voorgrond en Stilbaai in die verte.
Rietvlei coast with fish traps in the foreground and Stilbaai in the distance.

MUSEUM-INISIATIEF

Soos in die vorige nuusbrief gerapporteer, is verskeie stappe deur die gesamentlike komitee (loodskomitee) geïdentifiseer. Daar word flink gevorder met sommige van hierdie stappe.

Die brondokument is reeds in Afrikaans geredigeer en die eerste eksemplare sal hierdie week gedruk en versprei word. Die Engelse weergawe sal later hierdie week ook afgehandel wees. Ons druk hierdie kopieë slegs na behoefte, omdat reproduksie weens die kleurwerk duur is.

Ons het ons eerste teiken geïdentifiseer en genader, maar sonder sukses. Ons is maar té bewus daarvan dat hierdie ‘n langdurige soektog gaan wees. Wat egter verblydend is, is dat ons geweldige steun van die gemeenskap kry. Dis geensins meer net die lede van die HVA en die TodB wat entoesiasities is oor hierdie projek nie. Daar is ‘n toenemende bewustheid dat Stilbaai se langtermyn ontwikkelingsgang nou verweef is met die realisering van hierdie ideaal.

U sal gesien het dat die premier, me Zille, Stibaai toe kom om te praat oor ‘n argeologiese roete vir die Wes-Kaap. Ons verwelkom uiteraard hierdie ontwikkeling. Dit staan egter nie in die pad van ons soeke na donateurs nie. Stilbaai het nog altyd intellektueel op sy eie voete gestaan en ons hoop om hierdie tradisie voort te sit. Finansiële onafhanklikheid van die staat hou ‘n veelheid van voordele in.

‘n Verdere ontwikkeling is dat ons in gesprek wil tree met prof Richard Cowling. Hy beoog die vestiging van ‘n Instituut vir Paleo-wetenskappe en ons wil hom nooi om ‘n satellietkampus van sy instituut by die Inligtingsentrum te vestig. Dit sal die navorsingsbeen van die inisiatief help verseker.

Ons vra ons lede nie alleen om duimvas te hou nie, maar ook om die boodskap te versprei. ‘n Mens weet nooit waar ‘n saadjie kan val en dalk ontkiem nie.